Aussie groete

Ons boere harte klop nog.....



Potsie het die week vir haar 'n splinternuwe computer gekoop en is weer op die net, so, verwag baie e-mails van haar

Wat kan nou beter wees as om in Aussieland te bly en die bokke maak skoonskip teen die Wallabies!! Robbie se sy Aussie 'mates' was maar stil...

Ons het verskriklik baie om voor dankbaar te wees want dit gaan met ons almal baie goed. Dit is net ongeloolik hoe ons Suid Afrikaanse gemeenskap hier groei, ons ontmoet letterlik weekliks nuwe mense, soveel so dat ons nie meer die name op ons adreslys kan plaas by mense se gesigte nie.

Die biltongverkope groei net ongelooflik. Ons het nou al slaghuise van Brisbane, Bargara en Hervey Bay wat Biltong , droe words en boerewors bestel. Johann moet uithaal om voor te bly want die mense is absoluut mal daaroor, die geheim, hy gebruik baie goeie kwalitiet vleis.

Intussen het ons ook vriende gemaak met 'n ou wat snaps stook, maar glo my, nie nastenby pa sin nie... maar dit is darem 'n troos.

Johann het die afgelope week vir 90 Aussies mieliepap en boerewors gemaak ('n international funksie). Ons het gehoop om die oorskiet te kry, maar hulle het elke krummel geeet.

Een van Mareli se foto's , geneem net oorkant die straat van ons huis



Maude Nuus

Weet verduiwels nie wat gaan aan, die Aussies se waspoeier laat 'n mens se klere krimp want wragtie, iets is verkeerd... trap elke oggend die fiets vir 'n vale, so hopenlik werk dit teen die waspoeier...

By die werk gaan dit baie goed, so stil stil wys ek maar die aussies hoe die dinge gedoen moet word, die grootste gedeelte van my tyd word opgeneem deur die ontwikkeling van ons internet onderrig (klink na groot dinge in afrikaans., maar is eintlik niks vreesliks) Kyk gerus na http://de.riverside.qld.edu.au/elearning/ en kry so 'n kykie in my daaglikse lewe. Ek geniet dit vreeslik baie en vir een of ander rede weet ons SA onnies maar net hoe om die ding te doen, nietemin, ek is baie dankbaar dat ek nie in 'n klaskamer werk nie want vir discipline en die snert sien ek nie meer kans nie. Ek gaan nou ook begin ekstra wiskunde klasse gee teen R490.00 per uur, het reeds 2 leerlinge.....